'n Happie Japan

"Feel the fear and love it anyway." Dis die nuwe leuse by die Langham Place Hotel se Tokoro Bar, tuiste van Hongkong se mees eksentrieke Bite of Japan-spyskaart. Elkeen van die tien outentieke happie-grootte geregte op hierdie spyskaart word gemeet volgens Tokoro se bisar-skaal. Die Tatmami Iwashi (sardynkraakbeskuitjie) (foto hiernaas) klink dalk nie so erg nie, maar dan's daar die Ikaichiyaboshi (geroosterde en gekapte pylinkvis). Volgens die skaal is laasgenoemde maar mak, maar vir die Hotaruika shiokara (rou, gemarineerde, heel baba-pylinkvis) gaan jy glo hare op die tande nodig hê.
www.tokoro.com.hk

So ver soos die oog kan sien

Wildernis op die Tuinroete spog met 'n nuwe, sjiek hotel: die vyfster- Views Boutique Hotel and Spa. En dis 'n besoek werd – al is dit net om die see-geïnspireerde dekor en argitektuur van naderby te bekyk. Views het onder meer 22 kamers met en suite-badkamers, 'n spa en fiksheidsentrum, asook twee restaurante, Foam en die meer informele Sails. **Koste:** Vanaf R595 per persoon wat deel per nag (spesiale openingsaanbod).
www.viewshotel.co.za of 041-407-1000



Alternatiewe wildrit

Singita Pamushana in die Malilangwe-wildreservaat in Zimbabwe het onlangs voël- en wildkykuitstappies op sy nuwe, luukse pontonboot bekendgestel. Jy kan gemaklik agteroorsit terwyl die Afrika-son sak en 'n oog oophou vir seekoeie, krokodille, dors olifante en vele voëlspesies soos visarende en visvangers. Jy mag dalk ook net katvis, tiervis of baars inkatrol op een van die visvang-ekskursies op die boot. Singita Pamushana is 'n twee uur lange vlug van Johannesburg af en spog met ses luukse suites en 'n vyfslaapkamer-villa. **Koste:** Vanaf R6 000 per persoon wat deel per nag. Dit sluit ontbyt, middagete, aandete, alle drankies (behalwe premiumwyne en sjampanje), twee safari's op 'n oop Land Cruiser per dag, 'n safari-rit op die pontonboot en 'n wasgoeddiens in.
www.singita.com of 021-683-3424